

Skriflesing: Johannes 1: 29 – 41; Jeremia 13: 15- 23

Teks: **Johannes 1:29, 36 ; Jeremia 13:23**

Sing- VOORAF SANG: Sb.18-7(45) :1,4

TYDENS EREDIENS: Ps. 19:3,7; Ps. 7:1,2 ; Sb. 5-3(8):1,4; Ps. 23:3; Ps. 116 ...

Sb 10-2 (28b)

Johannes 1: 29-41

Joh 1:29 Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Hy sê toe: "Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!"

Joh 1:30 Dit is Hy wat ek bedoel het toe ek gesê het: 'Ná my kom daar 'n Man wat my vóór is, want Hy was voor my reeds daar.'

Joh 1:31 Ek het self ook nie geweet wie Hy is nie, maar ek het gekom en ek doop met water sodat Hy aan Israel bekend gestel kan word."

Joh 1:32 Verder het Johannes getuig: "Ek het duidelik die Gees soos 'n duif uit die hemel sien kom, en Hy het op Hom gebly.

Joh 1:33 Ek het self ook nie geweet wie Hy is nie, maar God wat my gestuur het om met water te doop, het vir my gesê: 'Die Een op wie jy die Gees sien kom en bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.'

Joh 1:34 Ek het dit self gesien en daarom getuig ek: Hy is die Seun van God."

Joh 1:35 Die volgende dag het Johannes weer daar gestaan, met twee van sy volgelinge by hom.

Joh 1:36 Toe Jesus verbyloop, het Johannes stip na Hom gekyk en gesê: "Dáár is die Lam van God!"

Joh 1:37 Die twee het hom dit hoor sê en hulle het Jesus gevolg.

Joh 1:38 Toe Jesus omkyk en sien dat hulle Hom volg, vra Hy vir hulle: "Wat soek julle?" en hulle het Hom geantwoord: "Rabbi" – dit beteken leermeester – "waar gaan U tuis?"

Joh 1:39 Hy sê toe vir hulle: "Kom saam, dan sal julle sien." Hulle het toe gegaan en gesien waar Hy tuis gaan. Dit was omtrent vieruur die middag, en hulle het die res van die dag by Hom gebly.

Joh 1:40 Andreas, die broer van Simon Petrus, was een van die twee wat dit van Johannes gehoor en Jesus gevolg het.

Joh 1:41 Daarna het hy eers sy broer Simon gaan soek en vir hom gesê: "Ons het die Messias gekry!" Messias beteken Christus.

Jeremia 13:15-23

Jer 13:15 Luister, gee aandag! Moenie so hoogmoedig wees nie: die Here het gepraat!

Jer 13:16 Eer die Here julle God voordat dit donker word, voordat julle julle in die skemer vasloop teen die berge. Julle sal wag op lig, maar Hy sal duisternis bring, Hy sal dit stikdonker laat word.

Jer 13:17 Maar as julle nie luister nie, sal Ek in stilte huil oor julle hoogmoed, Ek sal huil en huil, tranes stort omdat my kudde as ballinge weggevoer word.

Jer 13:18 Sê vir die koning en vir die koninginmoeder: Klim van die troon af, want julle sal nie meer julle sierlike krone dra nie.

Jer 13:19 Die stede in die Suidland is beleër, niemand kan hulle ontset nie; die hele Juda word in ballingskap weggevoer, hulle moet almal weg.

Jer 13:20 Kyk op, Jerusalem, kyk hoe kom hulle van die noorde af! Waar is die kudde wat aan jou toevertrou is, die kleinvee wat jou trots was?

Jer 13:21 Wat sal jy sê as Ek mense oor jou aanstel wat jy geleer het, as mense wat jy as bondgenote beskou het, oor jou regeer? Sal dit nie vir jou net so pynlik wees soos vir 'n vrou wat 'n kind in die wêreld bring nie?

Jer 13:22 Jy vra jou af: "Waarom het dit my oorgekom?" Jy word kaal uitgetrek en verkrag oor jou baie oortredings.

Jer 13:23 Kan 'n Kussiet sy vel verander of 'n luiperd sy vlekke? Sou julle kon doen wat goed is, julle wat so gewoond is aan die kwaad?

Skriflesing: Johannes 1: 29 – 41; Jeremia 13: 15- 23

Teks: **Johannes 1:29, 36 ; Jeremia 13:23**

Sing- VOORAF SANG: Sb.18-7(45) :1,4

TYDENS EREDIENS: Ps. 19:3,7; Ps. 7:1,2 ; Sb. 5-3(8):1,4; Ps. 23:3; Ps. 116 ...

Sb 10-2 (28b)

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, vóór ons vanoggend die Nagmaal van die Here vier, is

dit altyd die groot vraag, is ek gereed daarvoor? Mag ek aan hierdie tafel kom aansit? Dit is

'n vraag wat niemand namens jou en my kan antwoord nie.

Die antwoord lê in die diepe binnekant van ons elkeen waar elkeen hom/haar voor die Here moet kan verantwoord. Dieper as die kolle op 'n luiperd se vel of die kleur van 'n Kussiet se vel! Geoloë het 'n interessant waarneming kon maak. In diepe sandsteenlae het hulle gedeeltes opgegrawe waar hulle spore van reëndruppels gevind het, wat eeue tevore geval het. Dink jou dit in, daardie reëndruppel wat in stof neerplof en op 'n manier is van daardie druppels so in die sand en grond vasgevang dat eeue gelede se druppels steeds die merke laat waar dit die eerste keer geval het.

Baie van ons voel dalk ook so vanoggend. Ek is nou maar soos ek is of my omstandighede is nou maar wat dit is, ek kan niks daaraan verander nie en ek wil ook nie verander nie. So dink ons of só voel ons ... Daardie dinge wat diep merke in my gelaat het, hoe bring ek dit vanoggend na die tafel van die Here.

In Jeremia 31 het die Here baie moeite met sy kinders gehad. Jeremia wat ook al genoem was die trane profeet, roep die volk op ... *15 Luister, gee aandag! Moenie so hoogmoedig wees nie: die Here het gepraat!* En dan sien Jeremia hoe sy volk wat reeds in die duister is in net nog groter duisternis gaan inloop. Sy waarskuwing was nog voor dit donker was - *6 Eer die Here julle God voordat dit donker word, voordat julle julle in die skemer vasloop teen die berge. Julle sal wag op lig, maar Hy sal duisternis bring, Hy sal dit stikdonker laat word.*

Jeremia het met 'n volk te doen wat hoogmoedig geraak het, so hoogmoedig hulle glo hulle hoef nie te verander nie. Die koning en koningin moet van hulle trone afklim (v18), ja daar kom swaar dinge oor hulle. En dan kom die vraag wat deel van ons teks geword het vanoggend - *23 Kan 'n Kussiet sy vel verander of 'n luiperd sy vlekke? Sou julle kon doen wat goed is, julle wat so gewoon is aan die kwaad?*

Dit is 'n vraag wat ons diep vrae oor onself laat vrae soos daardie reëndruppels diep in die gesteentes van die aarde vasgekeer. Of 'n luiperd vol swart kolle, of was ons verlede Sondag by Moses se swaer, 'n man met 'n donkerder vel, kan 'n luiperd sy vlekke verander, kan 'n Kussiet sy vel verander. Ons menseoog wil sê nêe, 'n luiperd sal sy vlekke nie kan verander nie, of my vel is my vel, maar tog as ons vanoggend in die oë van Johannes Nagmaal toe kom, dan besef ons diep binnekant is daar dinge wat kan verander. Dis moontlik, dis noodsaaklik, dis wonderlik as sekere dinge in jou en my lewe kan verander al het dit vir ons

so onmoontlik gelyk . Kom ons voor Nagmaal by die moontlikheid van verandering uitkom, ook by die noodsaaklike daarvan en by Nabetracting kom ons by die wonderlike daarvan uit.

Eerste dan die moontlikheid dat ek geestelik kan verander:

As Johannes die Doper daar langs die walle van die Jordaen staan en Hy wys na die Here en ons het hom dit ook vanoggend twee maal hoor sê – DAAR IS DIE LAM VAN GOD ... Wat doen so 'n uitspraak in jou diepste binnekant as jy Nagmaal wil vier?! In Hom wat die Lam van God is hoor ons Johannes van die mees sinryke name te gee wat daar vir God se Seun hier op aarde gegee kon word. Dit is 'n woord wat meermale in God se Woord genoem word.

In die evangelie van Johannes en ook die boek Openbaring wat ook die openbaring aan Johannes op die eiland Patmos was, net in die twee boeke word daar nie minder nie as 27 keer vir God se Seun die besondere Naam van Lam van God gebruik.

Ons besef hierdie Naam maak vir ons deure oop. Dit is 'n Naam wat wys op die onskuld van ons Here Jesus Christus. Jesus verklaar self sy onskuld. In Johannes 8 vers 46 is Hy die Een wat vra - *46 Wie van julle kan sonde by My aanwys?* Daar is by Jesus geen sonde gewees nie. Die moontlikheid wat die Lam van God daarstel dat Hy wat geen sonde gehad het nie, dat Hy, ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, ter wille van ons ongeregthede is Hy verbrysel (vgl. Jes. 53:5). Hy wat geen sonde gehad het nie, is sonde vir ons gemaak. Daarin sit die moontlikheid dat die luiperd in jou en my wel sy kolle kan verander. Uit onself sou dit nie gebeur nie, kan dit nie gebeur nie, maar Christus het dit moontlik gemaak dat dit wel kan gebeur.

In die Naam Lam van God sit nie alleen die *onskuld* wat ons so pas na verwys het nie, maar is dit ook 'n woord wat wys na sagmoedigheid. Weer is ons in aansluiting by Jesaja 53 as ons in vers 7 lees ... ek lees uit die ouer vertaling- *7 Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders — ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.*

As Jesus Homself oorgee soos Een wat sagmoedig was, nederig van hart, dan is dit sy stem wat vir jou dit moontlik maak dat ek nie myself so hard hoef te hou nie. Ons probeer dikwels so onself handhaaf. Die luiperd wil agter sy kolle skuil, so baie mense skuil agter die kleur van hulle velle, is dit nodig, is dit regtig nodig, as jy Jesus vir jou hoor sê- *28 Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. 29 Neem my juk op julle en leer*

van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; 30 want my juk is sag en my las is lig.

Jesus is die Een wat ons uitnooi ... *Kom na My toe ... almal wat vermoeid en oorlaai is ... Ek sal julle rus gee.* As ons Jesus dit hoor sê dan besef ons Hy gee Homself. KOM NA MY TOE. Weet u dit is wat die Johannes evangelie so uniek maak maar ook is Johannes die Doper wat sy vinger na Jesus gewys het en gesê het – DAAR IS DIE LAM VAN GOD ...

In die ander evangelies- Mattheus, Markus, Lukas, in al daardie evangelies gaan dit in baie opsigte oor dinge wat Jesus gedoen het, of dinge wat Jesus gesê het, maar Johannes is nie soseer besig met wat Jesus gedoen of gesê het nie, op 'n manier kom Hy by die luiperd se kolle uit. Ten diepste gaan dit vir Hom nie oor die uiterlike nie, maar oor die innerlike. Oor Wie Jesus is, oor Wie Hy regtig op hierdie oomblik vir jou en my is. Dit gaan beslis nie oor die kleur van die vel wat Hy gehad het, maar wat diep in sy binneste aan die gang is. Die Lam se diepste dieptes. Hy wat Homself gee, soos 'n Lam is Hy ter slagting gelei.

Daar was al in die Ou Testament, sekerlik oordryf ons nie as ons sê miljoene en miljoene lammers as offers vir die Here geslag. Hulle binnekante moes oopgesny word, elke keer het daar bloed daarúit gevloei Hulle bloed was nodig, daar moes bloed vloei. Daagliks is daar in die tempelvoorhof 'n lam vir die volk se sondes geslag. Ja, daagliks. Alles het begin by die paaslam, daardie lam al in Egipte geslag waarvan die bloed aan die kosyne gesmeer die enigste moontlikheid was dat die dood nie daardie Israelitiese huis in Egipte sou inkom nie. Die dood hou verby waar die bloed was. Daar was klaar dood, daar was geoffer. As ons die boek Openbaring lees dan word daar ook dikwels verwys na die Lam wat geslag is (Op.5:6,12; 7:14; 12:11).

In Hom die geslagte Lam, was die laaste offer vir die volk se sondes geslag. Hy maak dit moontlik dat geen ander lam weer hoef geslag te word nie. Watter groot verandering het Hy teweeggebring, Hy alleen. Die vlekke van die luiperd het verander, die Kussiet hoef nie meer teen die kleur van sy vel vas te staan nie. Die voorhangsel wat in die tempel skeur maak dinge oop. Maak dit wyd oop. Die vlekke op die luiperd verander, die Kussiet kan ook die tempel ingaan waar God dit vir hom/haar oopgemaak het. As Jeremia sou vra - *Kan 'n Kussiet sy vel verander of 'n luiperd sy vlekke?* In Christus sê ons JA, dusind maal JA, die

moontlikheid tot verandering is alleen in Christus moontlik, maar ook ons tweede gedagte vóór Nagmaal moet ons raaksien ...

Hoe noodsaaklik is dit dat ons moet verander:

Die verandering wat Jeremia van praat en dit wat Johannes die Doper ook as groot deel van sy prediking gedra het, is gewoon wat ook genoem word BEKERING. Sondag 33 van die Kategismus gaan baie noukeurig hierop in. Die vlekke van die luiperd verander tog ... Die afsterwe van die ou mens ... die opstanding van die nuwe mens. Ook die vraag WAT IS DIE AFSTERWE VAN DIE OU MENS ... Ons antwoord ... **Dit is 'n hartlike berou daarvoor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan weglug ...** Net so belangrik is die vraag - WAT IS DIE OPSTANDING VAN DIE NUWE MENS... Hier antwoord ons ... **Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe**

In Mattheus 3 en Lukas 3 sien Johannes bekering as dit wat baie noodsaaklik is. Dit is soos 'n byl wat alreeds teen die wortel van die bome lê. Johannes spel dit uit- **DRA DIE VRUGTE WAT BY DIE BEKERING PAS (Matt 3:8)... Anders gesê DRA DIE VRUGTE WAT BY JOU VERANDERING SAL PAS.** Later dan sê dieselfde Johannes ... vers 10... *10 Die byl lê klaar teen die wortel van die bome. Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.* Lukas 3 vers 9 beaam dit!

Dit wat vir die mens onmoontlik lyk, is vir God moontlik. Dink jou watter verandering het Jesus kom maak as Johannes na Jesus wys en sê - Daar is die Lam van God, **WAT DIE SONDE VAN DIE WÊRELD WEGNEEM.** As jy gedink het, hoe onmoontlik dit is dat 'n luiperd se vlekke kan verander, of 'n Kussiet sy vel kan verander, hoeveel groter is die gedagte, dat daar net Een was, wat die sonde van die wêreld kan wegneem. Hom van Wie hierdie Nagmaal ook vandag moet spreek. In Hom kan ons onself bekeer, ja dit is baie noodsaaklik.

Toe Agan na die inname van Jerigo die deel wat hom nie toegekom het nie, in sy tent onder die grond gaan begrawe. Hy het gedink hy kan sy sondes begrawe met die wat hy die buitgoed begrawe het. Tog besef ons, al het hy dit ook ses voet of meer as drie meter onder die grond begrawe, steeds sou dit uitgekome het. Ons kan nie ons sondes wegsteek nie, tog mag ons Hom ken, wat nie sondes probeer begrawe nie, maar wat gekome het in ons plek, vir ons het Hyself sonde kom word, Hy is gekruisig, Hy is begrawe, Hy het opgestaan, in sy

lewe kan ons Nagmaal vier. Mag ek en jy dit dan ook nou doen in die volle wete, wat ook ons derde gedagte by Nagmaal mag wees- Hoe wonderlik die verandering wat daar in die Lam van God kan wees ... ! Hy wat die sonde van die wêreld kon wegneem!

AMEN

NABETRAGTING

Na ons vandag die Nagmaal van die Here kon vier en ons gehoor het die Lam die sonde van die wêreld kon wegneem, was ons aangegryp dat daar by ons die moontlikheid van verandering gekom het, ook die noodsaak van sodanige verandering. Ons nabetracting vra die vraag- HOE WONDERLIK DIE VERANDERING WAT DAAR IN DIE LAM VAN GOD KAN WEES. Agan het die buitgoed nie diep genoeg kon begrawe nie, ja hoeveel moordsake deur die geskiedenis van die reg het moordenaars gedink hulle kan die bewyse tot hulle daad doodvee. Wees verseker iewers sal dit uitkom. Die moordenaar kon dalk sy slagoffer vernietig maar die bewyse van so 'n daad kom maar weer terug. Hierdie bewyse word dan as reël as getuienis teen hom gebruik. Daar kan geen ander erkenning wees as wat Agan in 1 Konings 20 vers 21 dan ook erken- *Het jy my gekry, my vyand?* Hy is gekry, vroeër of later.

Dan besef ons die wonder van Hom wat ons vandag laat Nagmaal vier het, Hy het gewys hoe nodig dit is dat ons sonde weggeneem moes word, maar Hy het ook ons sonde ongedaan gemaak. Hy het dit weggeneem. Daar is geen deeltjie van ons sonde wat nie in Hom hoef aan te gaan nie. Die luiperd kan sy vlekke verander, die Kussiet sy vel. Hoe wonderlik daarom vandag te mag weet. Ek hoef geen raad meer met my sonde te volg nie, in Christus kan dit vergewe word. Christus het sy werk volkome gedoen. Klaar, afgehandel, aan die kruis sê Hy TETELESTAI- Dit is volbring.

Die woord wegneem as ons lees Hy het ons sonde weggeneem dan dui dit op 'n volkome afgehandelde handeling. Hy het nie net ons sonde ligter gemaak of dit verminder nie, nee Hy het dit weggeneem. Dit voer ons terug na Levitus 16 waar die hoëpriester sy hande op 'n bok gelê het, alles gebeur op die groot Versoendag en met die priester se hande op die bok gelê was die teken hy het die sonde op die dier oorgedra. En dan is die bok weggelei die woestyn in, in die woestyn het die bok vêr moes indwaal en sekerlik ook maar daar te sterwe, maar so is die wegdra van die volk se sonde afgebeeld. Christus is 'n sondebok vir ons gemaak, ons sonde het Hy weggeneem. Die Nagmaalsformulier het dit vanoggend weer mooi gestel, die skuldbrief van ons sonde is aan die kruis vasgenaël. In die lofverheffing van Psalm 103 sal

ons aanstons ook hoor, Hy het ons oortredinge van ons verwyder, so vêr soos die ooste verwyder is van die weste. In Jesaja 38 ver8s 17 lees ons ook die wonderlike- *U het al my sondes agter u rug gewerp*. In Miga 7 ver8s 19 staan dit eintlik nog meer aangrypend- *U het al hulle sondes in die diepte van die see gewerp*.

Mag dit wees as u vanoggend dit Johannes kon hoor sê- DAAR IS DIE LAM VAN GOD, mag u hierin die wonderlike van verandering wat Jesus kon bring volkome begryp. Die luiperd van 'n mens het sy strepe kon verander, die Kussiet hoef nie langer te bekommer nie. In die woordjie DAAR ... Daar is die Lam van God, staan eintlik in die Grieks iets dieper. Sien Hom, sien Hom raak ... Die Neder8lands ver8taal dit – Zie het Lam Gods ... die Engelse gee die oorspronklik teks ook eintlik getrou weer – *Behold the Lam of God*. U moet vir uself dit uitkom, sien ek Hom, ek kan in die geloof na Hom kyk, ek kan in die geloof my vertrou op Hom vestig.

Ons kan Hom volg. Ja, het ons gelese gedeelte nie verniet vandag geëindig, na Johannes na Jesus kon wys ... Daar is die Lam van God, is die onmiddellike verband dat twee dissipels wat Johannes dit hoor sê het, Jesus dan ook onmiddellik gevolg het. Ons lees nog meer hulle het die dag by Hom gebly. Dit was vir hulle 'n onvergeetlike uur. Mag u daadwerklik na vandag besef die wonderlike van die verandering wat daar in Christus Jesus kan wees, die luiperd wat sy strepe kan verander is nooit vêrgesog nie. Mag u dit besef en beleef.

AMEN